

BabaGim[®] vir uitstekende borsvoeding

Lizelle Keshav



As 'n eerste keer Mamma het ek baie Baba-boeke en webtuistes vooraf gelees sodat ek my baba die beste moontlike eerste paar dae kon bied. Ek het vining geleer die natuurlike kraamproses hou baie voorele vir my Baba in en daarom kon ek moed bymekaar skraap om deur die hele kraam-ervaring sonder enige pynmedikasie te gaan. Maar, die navorsing wat ek gedoen het kon my tog net so ver help. Ek was onvoorbereid vir die hospitaal-omgewing en hoe die susters en dokters daar te werk gaan, en ek was hééltemal onvoorbereid vir die borsvoeding wat sou volg.

Te danke aan die leesstof wat ek vooraf gelees het, het ek geweet dat borsvoeding nie altyd natuurlik kom nie. Ek het my beste probeer om al die verskillende posisies en truuks te onthou om baba te help 'latch' en voed maar in my onsekerheid, het ek nie genoeg selfvertroue gehad om in die hospitaal aan te dring op vel-tot-vel-kontak direk na geboorte nie. Ek was baie op my senuwees en die eerste keer wat ek hom probeer voed het, was dit 'n hele ses ure na geboorte, die personeel het hom gaan bad en hom eers 6 ure later terug gebring! Die suigrefleks is die sterkste direk na geboorte, so ek het geweet dit gaan uitdagend wees om hom so lank na geboorte te probeer voed. Dit was maar net die begin van die gesukkel, dit het 'n hele paar dae geneem voordat ek hom rustig kon voed sonder 'n gespartel. Selfs nadat hy beter begin voed het, het my seuntjie steeds gereeld gesukkel met maagkrampe, voeding het nie vir ons natuurlik gekom nie.

Toe hy 5 maande oud was, het ek en hy by BabaGim[®] aangesluit. Ek was so geïntriseerd dat ek 'n hele ruk daarna selfs die BabaGim[®] Instruktorsopleiding bygewoon het. Tydens die opleiding was ek swanger met ons tweede seuntjie en my ore was gespits toe ons metodes om die suigrefleks te stimuleer, behandel. Ek het geleer hoe belangrik dit is vir beide Mamma en Baba, om voor en gedurende borsvoeding ontspanne te wees; ek het ook verskeie goeie maniere om baba te onspan geleer: "Plaas hom vel-tot-vel teen Mamma, hou hom naby sodat hy Mamma se natuurlike reuk kan ruik en sodat hy haar warm vel en asemhaling kan voel, en selfs haar stem kan hoor; want hierdie is alles dinge wat hy reeds ken en in die baarmoeder ervaar het. 'N stil en rustige omgewing help Baba

ontspan en as Baba steeds gespanne is sal 'n stadige vollyfmassering, veral die massering van die kuite, help om Mamma en Baba rustig te maak. Mamma kry ook deur die massering die vertoue om baba te hanteer en bou so 'n emosionele-band (spontaan) met Baba."

Dus, toe dit weer tyd is om te kraam slegs 17 maande na my eerste ervaring, was ek vasberade om hierdie keer die borsvoeding te bemeester. Met die goeie kennis wat ek by BabaGim[®] opgedoen het, plus my vorige geboorte ervaring, kon ek met selfvertroue aandring op vel-tot-vel-kontak direk na geboorte en kon ek seker maak dat ek my Baba by my hou totdat hy goed gevoed het. Ek kon ook aandring dat hulle my Baba so gou as moontlik na sy bad na my terugbring sodat ons rustig voort kon 'bond'. Weereens het Baba nie dadelik goed ge-'latch' nie maar ek het laat baba eers rustig my bors ontdek en toe die BabaGim[®] oefeninge toegepas om die suigrefleks te stimuleer, ek het Baba se lippies aan die buitekant met my vinger omlyn om hom te help om sy mondjie oop te maak en net 'n paar minute later het hy begin om ritmies te suig, te sluk en asem te haal. Hy het die suigritme bemeester!

Die emosionele-band wat ons daardie eerste paar uur na geboorte gevestig het, sal my ewig bybly, dit was 'n besondere natuurlike ervaring. En in die eerste weke tuis was hy 'n baie plesierige baba, hy het byna nooit met maagkrampe of vertering gesukkel nie. Danksy BabaGim[®] was borsvoeding van dag 1 af vir ons albei 'n baie spesiale ervaring.

